



Sonnerad

NUUSBRIEF VAN DIE SA VERENIGING VIR KULTUURGESKIEDENIS
NEWSLETTER OF THE SA SOCIETY FOR CULTURAL HISTORY

JG 38, NR 1
VOL 38, NO 1

April 2021
April 2021

Geagte lede

Dit is nou al een jaar sedert die vlak 5-grendeltydperk in die land geïmplementeer is om die verspreiding van Covid te stuit. Baie kultuur- en toerismeinstansies dra nou nog die gevolge daarvan en sukkel om kop bo water te hou, veral met internasionale toerisme wat nou nog nie aktief is nie. Kom ons as Suid-Afrikaners ondersteun mekaar waar ons kan. Van Riebeeckdag / Stigtersdag op 6 April het ons weer herinner aan alles wat ons as land die afgelope vier eeue vermag het en dat ons ons erfenis moet bewaar, sodat toekomstige geslagte ook daarvan bewus sal wees.

Julle is welkom om deur die jaar vir my relevante berigte vir plasing in die *Sonnerad* te stuur. Dankie aan almal wat tot hierdie maand se interessante nuusbrieff bygedra het.

Groete
Petra Luus
Redakteur
petra@es.org.za

Dear members

It has been one year since the level 5 lockdown was implemented in the country to slow down the spread of Covid. Many cultural- and tourism institutions are still bearing the consequences and are struggling to survive, especially with international tourism that remains closed. We South Africans should support one another as much as we can. Van Riebeeck-day / Founders Day on 6 April reminded us of what our country has accomplished the past four centuries and that we should conserve our heritage so that future generations can also be aware of this.

You are welcome to send any relevant articles for publication throughout the year. Thank you to everyone who made a contribution to this month's interesting newsletter.

Regards
Petra Luus
Editor
petra@es.org.za

NUUS VAN DIE RAAD

- ❖ Die jaarlikse kongres vind van 22 tot 23 Oktober 2021 by die Maluti Mountain Lodge in Clarens plaas. Die tema is 'Herinnering en Nalatenskap'. / The annual conference will take place between 22 and 23 October 2021 at the Maluti Mountain Lodge in Clarens. The theme is 'Memory and Legacy'.
- ❖ Beskikbare uitgawes van die *Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* is te koop. Die koste beloop R50 per tydskrif (posgeld uitgesluit). Kontak Petra Luus by petra@es.org.za. / Available editions of the *Journal of Cultural History* are for sale. The cost is R50 per journal (postage excluded). Contact Petra Luus at petra@es.org.za.

- ❖ Nuus rakende die Tydskrif:

Vanaf die middel van 2021 sal die *SA Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 'n nuwe redakteur hê. Baie geluk aan dr Linda Brink van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns wat hierdie pos sal beklee. Ons wens haar sterkte toe vir die groot taak, want die tydskrif bly maar die hartklop van ons vereniging.

'n Besondere woord van dank aan prof Elize van Eeden van die NWU wat die afgelope aantal jare die leisels vasgehou het. Haar tydperk aan die stuur was gekenmerk deur die uitbreiding van die redaksie en harde werk om die Tydskrif se akkreditasie te verseker. Sy laat 'n indrukwekkende produk agter, wat die taak vir haar opvolger vergemaklik.

Prof Van Eeden se laaste uitgawe sal die een van Julie 2021 wees en dr Brink se eerste een dié van Desember 2021. Voornemende skrywers kan vanaf Junie 2021 artikels aan Linda stuur by linda@akademie.co.za.

News concerning the Journal:

The *SA Journal of Cultural History* will have a new editor from the middle of 2021. Congratulations to Dr Linda Brink of the 'SA Akademie vir Wetenskap en Kuns' that will fill this position. We wish her the best with this important task. The Journal remains the heartbeat of the association.

A special word of thanks to Prof Elize van Eeden from the NWU that has held the reins for the past number of years. Her time as editor is known for the expansion of the editorial staff and hard work to ensure the accreditation of the Journal. She is leaving an impressive project behind that is will certainly ease the task of her successor.

Prof van Eeden's last edition will be that of July 2021 and Dr Brink's first edition will be December 2021. Prospective authors can send their articles to Dr Brink from June 2021 at linda@akademie.co.za.

MUSEUM- EN ERFENISNUUS

FAK / VOORTREKKERMONUMENT / ERFENISSTIGTING



MEDIAVERKLARING:

Die direksies van die Voortrekkermonument, Erfenisstigting en die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge (FAK) het ná indringende gesprekke 'n samewerkingsooreenkoms gesluit. Volgens die ooreenkoms, wat Donderdagaand (18 Maart 2021) tydens die ledevergadering goedgekeur is, vat die besture van die FAK, Voortrekkermonument en Erfenisstigting hande met 'n mandaat om 'n omdraaistrategie te implementeer. Dr. Danie Langner is aangewys as uitvoerende hoof van die FAK, Voortrekkermonument en die Erfenisstigting.

Die finansies van die Voortrekkermonument het sedert 2017 met die daling van toerisme toenemend onder druk gekom en het as gevolg van die Covid-19-inperkings in 2020 verder verswak. Die Voortrekkermonument het talle fondsinsamelingsprojekte geloods wat tydelike korttermyn- finansiële verligting gebring het, maar nie volhoubare oplossings nie. Die maandelikse begrotingstekorte het die Voortrekkermonument nou by 'n beslissende kruispad gebring.

Ná die FAK se stigting in 1929 is die Sentrale Volksmonumentekomitee gestig, wat die Voortrekkermonument opgerig het. In die tyd van nood het die FAK, met die ondersteuning van die Solidariteit Beweging, 'n historiese verantwoordelikheid om hande te vat en saam te werk aan konstruktiewe oplossings en 'n volhoubare sakemodel.

Volgens ds. Cassie Aucamp, voorsitter van die direksies van die Voortrekkermonument en die Erfenisstigting, is die samesprekings gevoer omdat die organisasies se lede en tydsomstandighede vereis dat Afrikaners moet saamwerk om die Voortrekkermonument te stabiliseer en uit te bou.

“Deur samewerking kan kundigheid en kontinuïteit behou word, terwyl die Voortrekkermonument as kulturele baken vir die nageslag behoue bly. Die alternatief dat die Voortrekkermonument as 'n verklaarde instelling aan die staat oorgegee word, sal nie net 'n aanklag teen Afrikaners wees dat hulle nie vir hulle eie erfenis kan sorg nie, maar uiteindelik lei tot die verwaarlosing en vernietiging van die kosbare Afrikanerterrein.”

Aucamp sê beide direksies het 'n verantwoordelikheid is daar 'n diep verbintenis om die Voortrekkermonument as 'n kulturele tuiskomplek vir Afrikaners uit te bou en die Erfenisstigting as 'n veilige tuiste vir Afrikanerargiewe, historiese voorwerpe uit die Groot Trek en Anglo-Boereoorlog, sowel as 'n groot genealogie-biblioteek en Africana-boeke te behou.

Beide direksies is opgewonde oor die moontlikhede en nuwe horisonne wat deur noue samewerking, kulturele belyning en gedeelde bestuursdienste ontsluit word.

“Ons doen 'n dringende beroep op Afrikaners om nie net die beoogde samewerking te ondersteun nie, maar saam met die direksies en personeel moue op te rol en hard te werk om die Voortrekkermonument te ontwikkel as 'n kulturele tuiskomplek vir Afrikaners. Die inkoop en daadwerklike ondersteuning van elke Afrikaner is hiervoor nodig.”

* Sien gerus Cecilia Kruger, vorige Besturende Direkteur van die Erfenisstigting en Voortrekkermonument, se boodskap aan die einde van die nuusbrieff. Me Kruger is 'n langstaande lid van die SAVK en dien ook op die Dagbestuur.

GEBEURE:

In hierdie onsekere tydperk was die Voortrekkermonument en Erfenisstigting nie ledig nie. In Januarie die jaar het *Summitrenewables* drie groot sonpanele by die Voortrekkermonument opgerig. 'n Rentevrye lening hiervoor is deur die Dagbreektrust beskikbaar gestel. Daar word gehoop dat die panele sal help om die Monument se maandelikse kragrekening beduidend te verminder.



Die nuwe restaurant, *Smul*, het amptelik sy deure oopgemaak. Die openingsfunksie op 14 Maart was 'n groot sukses. Vir meer inligting of algemene navrae, kontak Zandrie Kotze by 082 521 0491 of vtm@tindlovu.co.za.

Nadat die Voortrekkermonument 'n versoek gerig het om hulp om die oorgroeide terrein weer in orde te kry, is hulp uit verskeie oorde ontvang. AfriForum het 'n skoonmaakspan op Maandag, 15 Maart gestuur. Vrywilligers vanuit Pretoria het ook by die Voortrekkermonument op Menseregtedag saamgekom om verder



te help met hierdie skoonmaakproses. Raadslede-, Shaun Wilkinson en Leon Kruyshaar, tesame met plaaslike pastore uit die omliggende omgewing, het die reëlings getref. Die taakspan het by die piekniekterrein begin en het byna die hele terrein skoongemaak. Die Voortrekkermonument-personeel en die vrywilligers het saam hierdie taak verrig.

Die Erfenisstigting Argief

Die argief besit waardevolle bronne oor alle fasette van die Suid-Afrikaanse geskiedenis en kultuurgeskiedenis. Die argief bestaan uit unieke dokumentversamelings, foto's, argitekstekeninge, kaarte en oudio-visuele materiaal. Die temas van die versameling is hoofsaaklik die Groot Trek, die Anglo-Boereoorlog en die geskiedenis van die Voortrekkermonument. Verdere materiaal sluit Afrikaanse kultuurorganisasies in, soos die Afrikaner Broederbond en persoonlike versamelings van persone wat 'n bydrae gelewer het tot die kulturele en geskiedkundige aspekte van die Afrikaanssprekende samelewing in Suid-Afrika.

Die argief het sedert Januarie 'n aantal nuwe privaat-versamelings aangewins wat vir navorsing beskikbaar is:

- 📖 Lillibeth Moolman (verbruikersaktivis)
- 📖 David Panagos (argeoloog)
- 📖 Volkskomitee vir die Herdenking van die Tweede Vryheidsoorlog
- 📖 A.P.G. Goossens (Goossens-stamvader)
- 📖 Roelf McLachlan (politikus)
- 📖 B.J. Liebenberg (geskiedkundige)
- 📖 J.H. van Deventer (dagbladredakteur / skrywer)

Die argief kan gekontak word by argief@es.org.za of by petra@es.org.za.

Meester Gerhard C. Kooijker

In die jare net voor die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog (ABO) (1899–1902), het die destydse staatspresident van die ZAR, die weledele heer S.P.J. Kruger, sekere "welopgevoede jong heren" vanuit Nederland gewerf om in Transvaal onderwys te kom gee. Een van hierdie jong manne was Gerhard C. Kooijker, wat by die Volksskool te Carolina geplaas is. Kort na hy

diens aanvaar het, het die vyandelikhede tussen Groot-Brittanje en die ZAR tot uitbarsting gekom en is die burgermag opgeroep.

Kooijker, as geleerde jong man, is toegevoeg tot die bevelstruktuur van die Carolina Kommando. Hierdie kommando was goed georganiseerd, anders as die meeste van die kommando's van daardie tyd, met hulle eie uniform en 'n doeltreffende administrasiesistelsel; iets wat Kooijker soos 'n handskoen gepas het. Carolina se burgers het aanvanklik effektief deelgeneem aan die suksesse in Natal en is mettertyd deur die hele Transvaal en Vrystaat aangewend. Toe die twee republieke besluit het om die gesamentlike bevelstruktuur in Oktober 1900 in Pietersburg te vestig, is Kooijker ook daarheen gestuur. Hier is hy as adjudant aangestel by die mag van generaal Beyers, bevelvoerder te velde van die Waterberg- en Zoutpansbergwyk.

Beyers het kennis geneem van sy nuwe adjudant se bekwaamhede, en onmiddellik toegesien dat Kooijker gedurende die oggende onderwys in die plaaslike Nederlandssprekende skool, die huidige Laerskool Pietersburg gee, optree, en dan sy militêre pligte gedurende die middag uitvoer. Pietersburg het sedert 1889 reeds oor 'n skool beskik, drie jaar nadat die dorp amptelik gestig is. Die kinders se opvoeding het nooit agterweë gebly nie, aangesien daar steeds wykskole te Marabastad, Kalkbank, Rhenosterpoort en twee in die Houtboschdorpingewing gevestig was. By Marabastad, met sy delwers en Engelse handelaars, was 'n Engelse skool wat ook voor die aanvang van die Anglo-Boereoorlog na Pietersburg verskuif is.

Die skool in Pietersburg was verspreid deur die dorp, en drie van die bestaande klaskamers van Laerskool Pietersburg, is so ver bekend, die enigste bestaande struktuur van die oorspronklike skoolkompleks. Buiten hierdie Afrikaanse (Hollandse) skool, was daar ook 'n doeltreffende Engelsmediumskool om voorsiening te maak vir die groot aantal Engelse inwoners. Die goudmynbedrywighe (delwers) en welvarende handelspraktyke het groot getalle Engelssprekendes na die Zoutpansberggebied gelok. Die Engelse skool se klaskamers was gevestig waar die kantore van die Provinsiale Departement Sport, Kuns en Kultuur tans is, naamlik op die hoek van Grobler- en Markstrate.

Die oggend van 8 April 1901 het die Britse magte onder aanvoering van genl. H.C.O. Plumer vanuit Marabastad na Pietersburg opgeruk. Die kommando, bestaande uit die totale Boeremag

wat daar saamgetrek het, insluitend die regeringstrukture van die OVS en die ZAR, het reeds op 7 April en vroeg die oggend van 8 April na Houtboschdorp en Haenertsburg toe uitgewyk. Meester Kooijker, as lid van die bevelstruktuur, was by 'n hotel in Landdros Marestraat ingekommandeer. Sy perd was ook in die hotel se stalle gehuisves. Met die Engelse op pad, het groot onrustigheid in die dorp geheers. Kooijker is die oggend dus ook eers na die skool toe om die kinders gerus te stel, alvorens hy weer by die kommando's sou aansluit. Toe hy later by die hotel kom waar hy gebly het, was sy ryperd reeds weg. Dit word aanvaar dat een van die ander jong offisiere, 'n mede-adjutant saam met Kooijker, die perd gegaps het om eers 'n jong dame by Roodepoort, suid van die dorp, te gaan groet. Kooijker was sonder 'n rydier en het toe die pad gevat ooswaarts in Vorsterstraat (tans Mbekistraat), al op die kommando se spoor gehardloop. Ene adjutant Mauritz Domnisse, 'n mede offisier van Kooijker, en ook van Bekers se personeel, was in daardie kritieke stadium te perd aan die suidekant van die dorp, ook onderweg na Houtboschdorp om by die kommando's aan te sluit. Domnisse het die oprukkende magte opgemerk waar hy in die omgewing van Uitstraat gery het en 'n afdeling Tasmaniese soldate is agter hom aangestuur. Die adjutant het met twee ryperde tot sy beskikking, gemaklik onder hulle uitgery. Tydens die Tasmaniërs se terugtog het hulle 'n hardlopende burger, Kooijker, opgemerk en hom dadelik aangeval.

Kooijker het agter 'n miershoop skuiling gesoek en homself verdedig. Hierdie skermutseling het in die omgewing plaasgevind tussen waar genl. Piet Joubertskool en Suidskool vandag staan, op die destydse pad na Houtboschdorp (vandag die Munnikpad). Hy het aanvanklik 25 van die Britse magte se perde geskiet om hulle af te weer, waarna hy twee offisiere en 'n manskap laat sneuwel het, alvorens sy ammunisie opgeraak het. Hy was toe reeds skrams getref. Sonder ammunisie en gewond het hy sy geweer neergelê en hande omhoog, oorgegee. Die Australiese soldate was egter nie geneë om 'n krygsgevangene te neem nie, veral nie nadat hy sulke swaar verliese onder hulle veroorsaak het nie. Hulle het hom dan ook summier met bajonette doodgesteek.

Adjutant G.C. Kooijker is in die Ou Begraafplaas in Dahlstraat te ruste gelê en sy vriende uit Pretoria, Carolina en Pietersburg het later 'n grafsteen daar opgerig. Nie ver van hom af nie, is die Britse soldate wat aan sy hand gesneuwel het, ook begrawe en verskyn hul name op die Britse oorlogsarkofaag aldaar.

'n Jong pedagoog wat gesneuwel het in die Vryheidstryd van Suid-Afrika, toe 'n vreemde moondheid gedreig het om beheer oor ons Vaderland te neem, rus in die Ou Begraafplaas. 'n Vryheidsvegter wat sy lewe gegee het in die stryd, nie gesneuwel het nie, maar 'n oorlogs ongeval. Doodgesteek, na hy reeds oorgegee het, sal ons met trots sy optrede en herinnering in ere hou en daar word jaarliks op 8 April 'n kranslegging by sy graf gehou.

Mnr Johan Willemse
Afrikanerkultuurleier &
Kultuurhistoriese Begeleier

ERFENISSTIGTING en VOORTREKKERMONUMENT GROET (EN VERWELKOM)

Dit is seker net menslik om na 21 jaar by die Monument en Erfenisstiging, gemengde gevoelens te hê oor verandering wat noodgedwonge oor die afgelope paar weke hier op die Koppie MOES plaasvind (sien mediaberig elders in *Sonnerad*).

Die Pandemie het einde ten laaste ook dit wat eintlik nog altyd 'n wonderwerk was, nl die illusie dat 'n onafhanklike, privaat 'Afrikaner erfenisterrein' met opvoedkundige- en navorsingsfasiliteite sonder enige staats- of ander befondsing kan oorleef, laat sneuwel. Vir jare het skrywer self hierdie wonderwerk telkens en met trots beklemtoon. Daar is dan ook dikwels gewys op die verval in staats- en ander owerheidsinstellings (met erfenisbewaring ten doel) weens verlies aan vaardighede en kennis en gebrek aan fondse asook op die stryd van ander kleiner privaat erfenisterreine en –veldtogte.

Hoewel die sogenaamde 'Acts of God' jaarliks bo-aan die lys van 'bedreigings' tydens ons strategiese beplanningssessies verskyn het, is daar nooit voorsien dat die totale verlies aan inkomste deur toerisme as gevolg van só 'n bedreiging tot ons ineenstorting sou lei nie. Die steun op 'n enkele inkomstestroom sou vir beide die VTM en die ES fataal wees. Dit is daarom eneryds met dank dat die pogings van die FAK en die Solidariteitbeweging om ons Monument te laat herleef, erken word. Andersyds besorg die einde van 'n era, waarmee die SAVK-lede hulle ten nouste kan vereenselwig, ook trauma en verlies.

Verandering is moeilik en die pas waarteen dit moes gebeur, het daartoe bygedra dat ons nie op gepaste en professionele wyse van 'n aantal van ons ES kollegas afskeid kon neem nie. Verskoon dus as ek hierdie geleentheid en platform gebruik om net my persoonlike dank en waardering teenoor die volgende personeel uit te spreek:

Estelle Pretorius, Senior Navorsers saam met wie ek vir meer as 20 jaar gewerk het om die professionele aansien van ons instansie op te bou. Haar ongelooflike kennis oor die Monument en die Groot Trek sal gemis word;

Malene Schulze, Bibliotekaris wat einde ten laaste afgetree het en wat ook in die verre verlede diep spore in die ou Transvaalse Biblioteek- en Museumdiens asook die eertydse Kultuurmuseum getrap het;

Sophie Kruger, Ontsluiter in die biblioteek wat met haar jare se kundigheid en ervaring asook positiewe uitkyk op die lewe al ons 'jong' mense geïnspireer het;

Riana Mulder, Bestuurder bewarings- en bewusmakingsdienste wat ons jare terug by die ou Voortrekkermuseum in Pietermaritzburg 'gesteel' het en wat met haar vindingrykheid verskeie bewaringsveldtogte geloods het. Die landswye Bewaringskomitees, die nuwe E-Tydskrif, facebook-toere en Stoepkoffie-kuiers is enkele voorbeelde;

Hannetjie Gerber wat die Afrikaanse winkel en die Afrikanerbakens-uitstalling vir etlike jare man-alleen bestuur het;

Johan Nel, Hoof Erfenishulpbronbestuur (VTM en ES) wat met sy kundigheid in erfenishulpbronbestuur 'n bydrae gelewer het ten opsigte van verskeie bewaringsprojekte aan die Monument. Johan was ook die dryfkrag agter die ES se kommersiële projekte wat die jaarlikse inkomste aansienlik verbeter het en was ook die kollega verantwoordelik vir verskeie suksesvolle befondsingsaansoeke. Hy het gelukkig weer 'n pos by sy vorige werkgewer in Johannesburg losgeslaan;

Annie Antonites, Senior Bestuurder Navorsing en Inligtingsdiens se aansoek om 'n pos in die Argeo-Dierkunde Departement by die Transvaalmuseum was gelukkig ook suksesvol en sy het, soos Johan, reeds op 1 April hulle nuwe posisies ingeneem;

Monique Lubbe, Assistent Museumkundige is na die Veldtogte Afdeling oorgeplaas en;

Jabu Jiyane, die tegniese assistent wat altyd gesorg het dat die inligtingspanele op die terrein, die klimaatbeheer in die store en argief nagegaan het en die uitstallings se 'swaar' werk verrig het sal veral vir laasgenoemde onthou word.

My pos is voortaan dié van Hoof: Vakkundige Dienste en ek sal mettertyd meer duidelikheid oor die inhoud daarvan kry.

Die SAVK se Argief is steeds in die baie veilige hande van Zabeth Botha, Petra Luus en Anna Mpe en Meisie Malindi help die nuwe hande in die Biblioteek waar sy kan. Ek is oortuig dat dieselfde goeie samewerking wat daar in die verlede tussen die ES en die SAVK was, deur die nuwe personeel voortgesit sal word.

Ek wens almal baie sterkte toe in 'n nuwe bedeling wat groot belofte inhou.

Cecilia Kruger

13 April 2021

HERITAGE FOUNDATION AND THE VOORTREKKER MONUMENT SAYS GOODBYE (AND WELCOME)

After 21 years at the Monument and the Foundation, it is probably only human to have mixed feelings about necessary changes that took place on the *Koppie* during the past few weeks. (see article elsewhere in *Sonnerad*).

In the end the Pandemic eventually succeeded in annihilating the illusion of the miracle of a surviving, independent, private Afrikaner Heritage Site with its own educational and research facilities, without the support of State or other funding. For years author proudly and repeatedly accentuated this miracle. Reference was also often made to the surmise of heritage institutions managed by the State and other authorities due to the loss of skills, knowledge and funding as well as to the struggle of other smaller heritage sites and campaigns.

Although the so called 'Acts of God' is one of the 'threats' that appear on our annual strategic planning document, no-one could possibly foresee that the total loss of income through tourism based on such a threat would result in our total downfall. Relying on a single source of income would prove to be fatal. It is therefore with much appreciation that the revival attempts by the FAK and the Solidarity movement are acknowledged. On the other hand the end of an era, with which the majority of the SASCH members can associate, marks change, trauma and a great sense of loss.

The speed with which change has been implemented contributed to the fact that we could not wish a number of our HF colleagues farewell in an appropriate manner. Please forgive me for making use of this platform to convey my sincere appreciation to the following staff members: Estelle Pretorius, Senior Researcher with whom I worked for more than 20 years to establish professionalism in our institutions. Her unbelievable knowledge on the Monument and the Great Trek will be sorely missed;

Malene Schulze, Librarian who retired at last and who left an indelible impact on organisations and institutions such as the Old Transvaal Library and Museum Service as well as the then National Cultural History Museum;

Sophie Kruger, Cataloguer in the library who inspired all her 'younger' colleagues with her experience, knowledge and positive approach to life;

Riana Mulder, Manager conservation and awareness whom we lured away from the old Voortrekker Museum in Pietermaritzburg and who launched a variety of awareness campaigns in a very creative manner including: the establishment of countrywide conservation awareness committees, a new E- Magazine, facebook-tours and 'Stoepkoffie-kuiers';

Hannetjie Gerber who managed the *Afrikaanse winkel* and the Afrikaner Beacons exhibition on her own for many years;

Johan Nel, Chief: Heritage Resource Management (VTM and HF) whose expertise came in handy during various repair and maintenance projects with regard to the Monument as well as conservation management plans. He was the driving force behind the HF's commercial projects which impacted positively on the annual income and was the colleague responsible for various successful funding applications. He was fortunate enough to have been re-employed by his erstwhile employer in Johannesburg;

Annie Antonites, Senior Manager Research and Information Service who successfully applied for a position at the Transvaal Museum and who has, as Johan, started her new job on 1 April 2021;

Monique Lubbe, Museum Assistant was transferred to the new Campaign Department with the FAK;

Jabu Jiyane, the technical assistant responsible for the cleaning of information panels on the site, kept an eye on the climate control in the storerooms and archives and provided the necessary 'muscle' when mounting new displays will be remembered.

My position will forthwith be that of Chief: Professional Services and the expected output will become clearer as the process continues.

The SASCH Archive continues to be kept safely by Zabeth Botha, Petra Luus and Anna Mpe and Meisie Malindi assists new management in the library where possible. I am convinced that the excellent cooperation between the HF and the SASCH will be continued by the new staff.

My best wishes accompany everybody in this new promising dispensation and exciting road we are about to embark upon.

Cecilia Kruger

13 April 2021

Hierdie uitgawe van die *Sonnerad* is saamgestel en versorg deur Petra Luus.
Taalversorgers: Estelle Pretorius (Afrikaans)
Cecilia Kruger (Engels)

<p>Die Sekretaris SA Vereniging vir Kultuurgeskiedenis Posbus 11403 Hatfield 0028, RSA petra@es.org.za</p>	 <p>The coat of arms of the South African Republic, featuring a shield with a sunburst, a banner with the motto 'SPERANDE ET CREPENS', and a crest with a bird and a shield.</p>	<p>The Secretary SA Society for Cultural History PO Box 11403 Hatfield 0028, RSA petra@es.org.za</p>
---	---	---